

Maandag 31 Oktober

Skrifgedeelte: Romeine 15:7-13 (NAV)

Fokusgedeelte: Romeine 15:13

Hoop, geloof, vreugde en vrede – vier hoekpilare van ’n Christen se lewe

Baie mense het nie baie hoop vir die toekoms nie. Miskien is jy ook een van hulle. Daar gebeur inderdaad baie dinge rondom ons en dalk selfs met jouself dat die horison maar bra donker lyk.

Die Here wil egter nie hê dat sy kinders sonder hoop moet lewe nie. Die Bybel roep ons dan ook talle kere op om met hoop in ons hart te lewe, en gee ook talle redes waarom dit inderdaad so kan wees.

In ons teksvers lees ons een van die wensbedes waarvoor Paulus in sy briewe so lief was. Dit is asof hy vanuit sy geloof maar net nie kan ophou hunker na die seën van die Here oor die kerk van Christus nie. Hy gebruik hier vier belangike boustene van ’n gelowige lewe tot eer van God, naamlik hoop, geloof, vreugde en vrede. Hy plaas hier die klem op hoop.

’n Christen moet moedig vorentoe kyk. God is die bron van hoop, en die apostel se bede is dat Hy die Christene deur die geloof met vreugde en vrede sal vervul sodat hulle hoop al hoe sterker kan word. Hulle uitsig op die toekoms sal só al hoe skerper en helderder word. Net die Heilige Gees kan dit bewerk.

In die tyd en omstandighede waarin ons lewe, behoort ons met hierdie gebed elke dag te begin en deur te werk. Ons behoort elke dag met dankbaarheid die vreugde en vrede te beleef wat God ons uit genade gee. As ons dit doen, sal ons elke dag hoop hê.

Sing: Psalm 42:3, 5 (1936)

Ds. Arnold H Mulder (Emeritus)